



Western Cape Government • Wes-Kaapse Regering • URhulumente weNtshona Koloni

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

PROVINSIE WES-KAAP

Provincial Gazette Extraordinary

8156

Tuesday, 1 October 2019

Buitengewone Provinsiale Koerant

8156

Dinsdag, 1 Oktober 2019

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Copies are obtainable at Room M21, Provincial Legislature Building, 7 Wake Street, Cape Town 8001.)

(*Afskrifte is verkrygbaar by Kamer M21, Provinsiale Wetgewer-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

	Page
Local Authority	
Swartland Municipality: Water and Sanitation Services Amendment By-law, 2019	2
Swartland Municipality: By-law Relating to the Installation of Telecommunications Infrastructure	3

	Bladsy
Plaaslike Owerheid	
Swartland Munisipaliteit: Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening, 2019	2
Swartland Munisipaliteit: Verordening Insake die Installasie van Telekommunikasie-Infrastruktuur	3

SWARTLAND MUNICIPALITY
WATER AND SANITATION SERVICES
AMENDMENT BY-LAW, 2019

To amend the Swartland Municipality By-law Relating to Water Supply, Sanitation Services and Industrial Effluent

BE IT ENACTED by Swartland Municipality as follows:

Substitution of section 69 of the By-law Relating to Water Supply, Sanitation Services and Industrial Effluent (principal by-law)

1. Section 69 of the principal by-law is hereby substituted by the following section—

“69. Water Restrictions

- (1) The municipality may, by public notice, whenever there is scarcity of water for distribution and supply to consumers, or for any other cause—
- (a) prohibit or restrict the consumption of water in the whole or part of its area of jurisdiction—
 - (i) in general or for specified purposes;
 - (ii) during specified hours of the day and on specified days; or
 - (iii) in a specified manner;
 - (b) determine and impose limits on the quantity of water that may be consumed over a specified period;
 - (c) impose restrictions or prohibitions on the use or manner of use of an appliance by means of which water is used or consumed, or on the connection of such appliances to the water installation; and
 - (d) invoke special tariffs in respect of water restrictions, determined in terms of the Tariff By-law.
- (2) The municipality may limit the application of the provisions of a notice issued under subsection (1) to specified areas or categories of consumers, premises and activities, and may permit deviations and exemptions from, and the relaxation of any of such provisions on reasonable grounds, provided that there will be no deviation from the tariffs referred to in subsection (1)(d).
- (3) The municipality may by written notice, order a consumer to take such measures, including the installation of meters and devices for restricting the flow of water, as may be necessary to ensure compliance with a notice published as contemplated in subsection (1), at the cost of such consumer.
- (4) The municipality—
- (a) may discontinue the supply of water for such period as deemed fit or limit the supply of water to any premises in the event of a failure to comply with the terms of a notice referred to in subsection (1); and
 - (b) may, where the supply has been discontinued in terms of paragraph (a), restore it only when the fee for discontinuation and reconnecting the supply has been paid.
- (5) The provisions of this section also apply in respect of water supplied by the municipality to consumers outside its area of jurisdiction, notwithstanding anything to the contrary in the conditions governing such supply, unless otherwise specified in the notice as contemplated in subsection (1).
- (6) Where a local disaster has been declared due to a scarcity of water or to prevent such a disaster from being declared, the municipality may impose water restrictions by issuing a direction in terms of sections 54(3)(b) and 55(2) of the Disaster Management Act, 2002 (Act 57 of 2002).

SWARTLAND MUNISIPALITEIT
WATER- EN SANITASIEDIENSTE
WYSIGINGSVERORDENING, 2019

Om die Swartland Munisipaliteit Verordening insake Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloei te wysig

DERHALWE VERORDEN Swartland Munisipaliteit soos volg-

Vervanging van artikel 69 van die Verordening insake Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheidsuitvloei (hoofverordening)

1. Artikel 69 van die hoofverordening word hiermee vervang deur die volgende artikel—

“69. Waterbeperkings

- (1) Wanneer daar waterskaarste ondervind word vir verspreiding en voorsiening aan verbruikers, of vir enige ander doel, mag die munisipaliteit deur openbare kennisgewing—
- (a) die verbruik van water in sy regsgebied of gedeelte daarvan verbied of beperk—
 - (i) in die algemeen of vir spesifieke doeleindes;
 - (ii) tydens bepaalde ure van die dag en op bepaalde dae; of
 - (iii) op 'n bepaalde wyse.
 - (b) beperkings bepaal en plaas op die hoeveelheid water wat oor 'n bepaalde tydperk verbruik mag word;
 - (c) beperkings of verbodsbepalings oplê met betrekking tot die gebruik of wyse van gebruik van 'n toestel waardeur water gebruik of verbruik word, of die verbinding van sodanige toestelle aan die waterinstallasie; en
 - (d) spesiale tariewe hef ten opsigte van waterbeperkings, vasgestel in terme van die munisipaliteit se Tarieweverordening.
- (2) Die munisipaliteit mag die toepassing van die bepaling van 'n kennisgewing deur subartikel (1) beoog beperk tot bepaalde areas en kategorieë verbruikers, persele en aktiwiteite en mag afwykings, vrystellings of die verslapping van enige van die bepalinge op redelike gronde toelaat, met dien verstande dat geen afwyking van die tariewe bedoel in subartikel (1)(d) toegelaat mag word nie.
- (3) Die munisipaliteit mag 'n verbruiker by wyse van skriftelike kennisgewing gelas om sodanige maatreëls, insluitend die installering van meters of toestelle vir die beperking van watertoevoer, op sy of haar eie koste in te stel wat nodig mag wees om nakoming van 'n kennisgewing wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, te verseker.
- (4) Die munisipaliteit mag—
- (a) vir sodanige tydperk as wat dit nodig ag, die watervoorsiening na enige perseel afsluit of beperk in die geval van 'n oortreding of nie-nakoming van die bepalinge van 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1); en
 - (b) mag, waar die toevoer gestaak is, dit slegs herstel wanneer die vasgestelde fooi vir staking en heraansluiting betaal is.
- (5) Die bepalinge van hierdie artikel sal ook van toepassing wees op water wat regstreeks deur die munisipaliteit aan verbruikers buite sy regsgebied voorsien word, nieteenstaande enigiets tot die teendeel in die voorwaardes wat sodanige voorsiening beheer, tensy anders gespesifiseer in die kennisgewing soos beoog in subartikel (1).
- (6) Waar 'n plaaslike ramp verklaar is as gevolg van 'n skaarste aan water, of om te voorkom dat sodanige ramp verklaar word, mag die munisipaliteit waterbeperkings instel deur die uitreik van 'n aanwysing ingevolge artikels 54(3)(b) en 55(2) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002).

- (7) A person who—
- (a) contravenes any of the provisions of this section;
 - (b) fails to comply with a notice issued in terms of this section; or
 - (c) fails to comply with water restrictions imposed in terms of this by-law;
- commits an offence.”

2. Short title and commencement

This By-law shall be known as the Swartland Municipality Water- and Sanitation Services Amendment By-law, 2019 and shall come into operation on the date of publication thereof.

58193

1 October 2019

SWARTLAND MUNICIPALITY

BY-LAW RELATING TO THE INSTALLATION OF TELECOMMUNICATIONS INFRASTRUCTURE

Under the provisions of section 156 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, Swartland Municipality enacts as follows:—

Table of contents

CHAPTER 1: DEFINITIONS AND PURPOSE

1. Definitions
2. Purpose

CHAPTER 2: NOTIFICATION AND PERMIT CONSIDERATIONS

3. Notification and information required
4. Permit considerations
5. Issue of permit

CHAPTER 3: SPECIFIC PERMIT CONDITIONS

6. Payment of annual permit fees
7. Provision of bank guarantee
8. Commencement and execution of work
9. Construction and sharing of infrastructure
10. Sharing of existing municipal services infrastructure
11. Sharing of information
12. Period of validity of permit
13. Transfer of permit
14. Revocation of permit
15. Expiry of permit

CHAPTER 4: COMPLIANCE AND ENFORCEMENT

16. Compliance with legislation
17. Right of access and inspection
18. Supervision, inspection and testing
19. Notice of compliance

CHAPTER 5: GENERAL PROVISIONS

20. Fees and tariffs
21. Indemnity
22. Offences and penalties
23. Appeal
24. Short title and commencement

- (7) 'n Persoon wat—
- (a) enige bepaling van hierdie artikel oortree;
 - (b) versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge hierdie artikel; of
 - (c) versuim om te voldoen aan enige waterbeperking opgelê ingevolge hierdie verordening;
- pleeg 'n misdryf.”

2. Kort titel en inwerkingtrede

Hierdie verordening staan bekend as die Swartland Munisipaliteit Water- en Sanitasiedienste Wysigingsverordening, 2019 en tree in werking by publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

58193

1 Oktober 2019

SWARTLAND MUNISIPALITEIT

VERORDENING INSAKE DIE INSTALLASIE VAN TELEKOMMUNIKASIE-INFRASTRUKTUUR

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 156 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bepaal Swartland Munisipaliteit hiermee soos volg:—

Inhoud

HOOFSTUK 1: DEFINISIES EN DOEL

1. Definisies
2. Doel

HOOFSTUK 2: KENNISGEWING EN PERMITOORWEGINGS

3. Kennisgewing en inligting verlang
4. Permittoewegings
5. Uitreiking van permit

HOOFSTUK 3: SPESIFIEKE PERMITVOORWAARDES

6. Betaling van jaarlikse permitgelde
7. Verskaffing van bankwaarborg
8. Aanvang en uitvoering van werk
9. Oprigting en deel van infrastruktuur
10. Deel van bestaande munisipale dienste-infrastruktuur
11. Deel van inligting
12. Geldigheidstydperk van permit
13. Oordrag van permit
14. Intrekking van permit
15. Verstryking van permit

HOOFSTUK 4: NAKOMING EN AFDWINGING

16. Nakoming van wetgewing
17. Reg van toegang en inspeksie
18. Toesig, inspeksie en toetsing
19. Kennisgewing van nakoming

HOOFSTUK 5: ALGEMENE BEPALINGS

20. Gelde en tariewe
21. Vrywaring
22. Misdrywe en straf
23. Appèl
24. Kort titel en inwerkingtreeding